HANDWERK:

Decoupage dit! Hierdie is die perfekte kunswerk as versiering vir ‘n leë hoekie in jou huis.

deur Annali Greeff

Decoupage op geblokte skilderdoek (canvas)

Hierdie is ‘n baie lekker projek wat deur oud en jonk gedoen kan word en wat daardie ledige ure met kreatiwiteit sal vul. Dit is nou wel ‘n tydsame projek, maar wanneer jy wag dat die lagies gom of verf droog word, hou jouself met iets anders besig. Gebruik jou verbeelding deur verskillende groottes canvas en ook servette met verskillende motiewe te kies, dan kan jy dit ook op die blokkie rangskik soos jy wil.

Benodighede:

Geblokte skilderdoek – 20 cm x 20 cm,
“Napkin Podge”,
“Deco Varnish”,
Akrielverf,
Kwaste: een No. 16 en een No. 0,
Servet

Metode

Knip jou servet in 4 gelyke dele (ons gaan net die 1 kwart gebruik). Trek die prentjiekant van die wit deel af. Plaas eers die prentjie in die middel van die canvas en merk die hoekies met n potlood. Met die groot kwas, smeer podge op die canvas tussen die kolletjies, plaas dan die wit deel op die gegomde deel. Wees net versigtig dat die prentjie nie skeur nie. Verf nog n lagie podge bo oor die wit deel, wag so 2 minute sodat dit bietjie droër is, plaas dan die ander deel van die servet bo-oor. Vryf dit versigtig plat met jou hand. Verf dan so 3 lagies podge oor die prentjie deel, wag tot elke lagie droog is voor jy die ander lagie verf.

Die rand van die canvas wat nou nog wit is, kan met die akrielverf geverf word. Gebruik die klein kwassie om langs die rand van die pretjie af te gaan. Dit gee jou net meer beheer om nie oor die rand van die servet te verf nie. Gee die hele rand so 2 of 3 lagies verf. Die verf word darem gou droog, maar wag tot elke lagie droog is.

Gebruik nou die groot kwas en verf die hele canvas met die vernis. Gee ook so 3 lagies van die vernis.

Baie belangrik

Moenie die podge, vernis en verf in die son laat droog word nie, dit moet “natuurlik” droog word.